BabyGym®
Institute South Africa

SUKSES stories

BabaGim®, liefdestale en jou baba

Christa Badenhorst

Gary Chapman het die boek ***Die Vyf Liefdestale*** geskryf en in hierdie boek meld hy dat elke mens een liefdestaal verkies waarmee hy kommunikeer en liefde wys. Kortliks gestel wil elke persoon graag hê dat liefde aan hom gekommunikeer moet word in sy eie liefdestaal en kommunikeer hy graag liefde weer in sy taal terug.

Wat is die verskillende liefdestale?

1. **Opbouende woorde:**
   Liefde word betoon deur opbouende en liefdevolle woorde, komplimente en woorde wat bemoedig.
2. **Gehalte tyd:**
   Met hierdie liefdestaal word spesiale en gehalte kwaliteit tyd as belangrik gekommunikeer.
3. **Diensbaarheid**
   Met hierdie liefdestaal word liefde gekommunikeer deur om dinge vir 'n geliefde te doen.
4. **Geskenke gee**
   Wanneer iemand in hierdie liefdestaal kommunikeer word die geldelike waarde van 'n geskenk nie noodwendig as belangrik geag nie, maar eerder die liefdes bedoeling agter die geskenk. 'n Blommetjie van jou kind kan baie meer beteken as die duurste parfuum.
5. **Fisieke aanraking**
   Fisieke aanraking is 'n alombekende wyse van liefde kommunikeer, onder andere deur vashou, drukkies en soene te gee. Navorsing wys dat babas wat vasgehou word en gereeld soentjies en drukkies kry beter emosioneel ontwikkel as babas wat lank sonder fisieke aanraking gaan (Baba en Kleuter tydskrif, 93, Desember 2014).

BabyGym®
Institute South Africa

SUKSES stories

Hoe is die liefdestale op Baba, Mamma, Pappa en BabaGim® van toepassing?

Omdat baba nog nie in woorde kan aandui wat sy liefdestaal is nie, is dit moeilik om vas te stel wat baba se liefdestaal is. BabaGim® kan Mamma of Pappa wel help om elkgeval met baba in enige liefdestaal te kommunikeer en sodoende baba geborge en geliefd laat voel. Deur die BabaGim® massering te doen word liefde aan baba gewys deur fisieke aanraking. Hierdie liefdevolle aanraking vorm die fondasie vir al baba se latere verhoudinge (de Jager, 2009). Wanneer Mamma met baba praat en baba bemoedig tydens oefeninge is die aard van die woorde dikwels opbouend, sodoende ervaar baba liefde tydens 'gesprekvoering' met Mamma. Baba reageer op 'n positiewe wyse op Mamma se sang en spraak (de Jager, 2009) en die herkenning van Mamma se stem skep 'n gevoel van geborgenheid by baba (de Jager, 2009). Deur om tyd op sy te sit om die BabaGim® oefening en vaardighede (wat in die klas geleer is) met baba tuis toe te pas sê jy: 'Jy is belangrik genoeg dat alles anders kan wag, ek wil graag met jou tyd spandeer.' Mamma en Pappa toon diensbaarheid wanneer daar aan baba se behoeftes voldoen word, dit kan dinge soos kosmaak, baba liefdevol masseer en storieboek lees insluit (de Jager, 2009). Alhoewel daar nie 'n geldelike waarde aan ouerskap geheg kan word nie, kan mens vir jou baba 'n geskenk gee deur in sy of haar toekoms te belê. Om jou kind te masseer en te ontwikkel sal ook die breintjie ontwikkel en daarom is BabaGim® prysloos!

BabaGim® gee vir Mamma en Pappa die geleentheid om in elke liefdestaal met baba te kommunikeer. Al is baba nog klein leer Mamma en Pappa solank dit elke kind se liefdestaal verskil en kry baba die geleentheid om in 'n emosioneel-sterk en selfversekerde kind te ontwikkel. Natuurlik verseker dit ook 'n hegte emosionele-band tussen Mamma, Pappa en baba.

Bronnelys

Baba en Kleuter Tydskrif, Desember 2014
Chapman, G. (1995). The five love languages: How to express heartfelt commitment to your mate. Northfield Publishing. *Gary Chapman het ook 'n boek geskryf genaamd The Five Love Languages of children (1997)*
De Jager, M. 2009. BabaGim Brein- en Liggaamsoefeninge vir babas. Welgemoed: Metz Press